Bank kry regsadvies ná klagtes oor beurse

Kaapstad. – First National Bank (FNB) se omstrede beursskema is inderdaad net op sy swart werknemers gemik, maar net omdat dit deel van 'n swart ekonomiese bemagtigingstransaksie is. Die bank sal nietemin regsadvies inwin oor of sy wit werknemers ook uit die skema voordeel kan trek.

Die Burger het verlede week berig die bank se uitnodiging aan swart werknemers wat minder as R100 000 per jaar verdien om aansoek te doen om geldelike steun vir hul laerskoolkinders se opvoeding, het ontsteltenis veroorsaak weens die uitslujting van wittes.

Mnr. Michael Jordaan, FNB se bestuurshoof, het toegegee die bank het die skema lomp gehanteer en kon meer moeite gedoen het om te verduidelik die beurse word deur 'n trust toegeken wat ingevolge 'n swart ekonomiese bemagtigingstransaksie in 2005 opgerig is. Volgens hom is dit dus volledig deel van die bank se swart ekonomiese bemagtigingsinisiatief en per definisie op swart werknemers – swart, bruin, Indiër en Chinees – gemik.

Die bank en die vakbond Solidariteit, wat 'n Kersveldtog van stapel gestuur het om die bank te dwing om wittes by die skema in te sluit, het ná samesprekings besluit om in Januarie te besin oor hoe wit werknemers ook by die trust ingesluit kan word.

Mnr. Dirk Hermann, Solidariteit se adjunkbestuurshoof, het gesê die vakbond is tevrede met die "geweldige reaksie" wat tot konstruktiewe gesprekvoering met FNB gelei het. Solidariteit het meer as 400 klagtes daaroor vir FNB aangestuur.

Hy meen dit is belangrik "dat groot maatskappye soos FNB verstaan dit is nie nodig om verder te gaan as wat die wet vereis wanneer daar oor ekonomiese bemagtiging gepraat word nie. In hierdie geval was dit onnodig om wittes uit te sluit omdat die meerderheid mense wat uit die skema voordeel sal trek, swart is.

"Ek glo wanneer ons onderskeie regspanne in Januarie vergader, sal ons 'n betekenisvolle presedent kan skep."

Jordaan het gesê dit is jammer die skema is nie pertinent as deel van die bank se swart ekonomiese bemagtigingspogings geïdentifiseer nie. "Ons kon dit beter aan ons werknemers verduidelik het. Dit is jammer dat die trust, wat geskep is om opvoedingsgeleenthede aan minderbevoorregtes te verskaf eerder as om – soos ander bemagtigingstransaksies – 'n paar individue ryk te maak, verkeerd verstaan word. Dis eintlik veronderstel om as voorbeeld te dien van hoe bemagtigting gehanteer moet word."

Hoewel hy toegegee het ondernemings soos AngloGold Ashanti en Sasol se bemagtingstransaksies is nie ras-eksklusief nie, het hy gesê die FNB-transaksie is in 2005 beklink en dat geld uit die trust nou eers beskikbaar word en dus op grond van die oprigtingsakte toegeken word. "Bemagtigings*wette en -regulasies is iets wat met* tyd ontwikkel. Ons sal weer daarna kyk." – **Pieter du Toit**